



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
**GOVERNMENT GAZETTE**  
**STAATSKOERANT**  
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

PRICE (GST included) 30c PRYS (AVB ingesluit)

Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 40c BUITELANDS As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer  
POST FREE · POSVRY

Vol. 214

PRETORIA, 29 APRIL 1983

No. 8688

**PROCLAMATION**

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. 64, 1983

COMMENCEMENT OF SECTION 3 (b) OF THE REGISTRATION OF NEWSPAPERS AMENDMENT ACT, 1982 (ACT 98 OF 1982)

Under the powers vested in me by section 4 (1) of the Registration of Newspapers Amendment Act, 1982 (Act 98 of 1982), I hereby declare that section 3 (b) of the said Act shall come into operation on 1 May 1983.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twentieth day of April, One thousand Nine hundred and Eighty-three.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

F. W. DE KLERK.

**GOVERNMENT NOTICES**

**DEPARTMENT OF INTERNAL AFFAIRS**

No. 925

29 April 1983

**UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS**

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, as amended, decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications or objects are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act:

564—A

**PROKLAMASIE**

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. 64, 1983

INWERKINGTREDING VAN ARTIKEL 3 (b) VAN DIE WYSIGINGSWET OP DIE REGISTRASIE VAN NUUSBLAAIE, 1982 (WET 98 VAN 1982)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 (1) van die Wysigingswet op die Registrasie van Nuusblaaie, 1982 (Wet 98 van 1982), verklaar ek hierby dat artikel 3 (b) van genoemde Wet op 1 Mei 1983 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Twintigste dag van April Eenduisend Negehoenderd Drie-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

F. W. DE KLERK.

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

**DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE**

No. 925

29 April 1983

**ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE**

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, soos gewysig, het kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet:

8688—1

LIST/LYS P83/44

Entry No. Inskrywing No.	Publication or object Publikasie of voorwerp	Author or producer Skrywer of voortbringer	Section 47 (2) Artikel 47 (2)
P83/4/76.....	<i>New Dawn</i> —No 1 (146), 1983 .....	New Dawn, Moscow .....	(e)
P83/4/77.....	<i>Pulse</i> —March 1983 .....	Medical Student Publication, SRC, University of Cape Town	(d) + (e)
P83/4/79.....	<i>Somlandela—We Shall Follow</i> . . . (Leadership Series No 1) (Pamphlet/Pamflet)	Issued by B.S.S.: an AZASO affiliate, University of the Witwatersrand, Johannesburg	(e)
P83/4/82.....	<i>Away with the Genocide Bill</i> (Pamphlet/Pamflet)...	Not stated/Nie vermeld nie .....	(e)
P83/4/86.....	<i>Palestine</i> .....	Not stated/Nie vermeld nie .....	(e)
P83/4/99.....	<i>ANC Weekly News Briefing</i> —Vol 7, No 10, March 1983	Issued by ANC, London .....	(e)

No. 926

29 April 1983

SETTING ASIDE OF DECLARATION THAT PUBLICATIONS ARE UNDESIRABLE

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, as amended, decided under section 15 (2) of the said Act on review that the undermentioned publications are not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act. The undermentioned entries in respect of the publications are hereby deleted:

No. 926

29 April 1983

TERSYDESTELLING VAN VERKLARING DAT PUBLIKASIES ONGEWENS IS

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, soos gewysig het kragtens artikel 15 (2) van genoemde Wet op hersiening beslis dat die ondergenoemde publikasies nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet ongewens is nie. Die ondergenoemde inskrywing ten opsigte van die publikasies word hierby geskrap:

Entry No. Inskrywing No.	Publication Publikasie	Author or producer Skrywer of voortbringer	Entry deleted Inskrywing geskrap
P83/3/93.....	<i>Native Son</i> .....	Richard Wright .....	In G.N./GK. 1510 of/van 31/7/56.
P83/4/69.....	<i>Patch of Blue, A</i> (i.e. on the ground that the cover No 0 14 00.1817 4 is no longer undesirable/d.i. op grond daarvan dat die omslag No 0 14 00.1817 4 nie langer ongewens is nie)	Elizabeth Kata .....	In G.G./SK. 1540, G.N./GK. 1405 of/van 23/9/66.

No. 927

29 April 1983

UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS.—DELETE

In *Government Gazette* 8666, Government Notice 833 of 22 April 1983, delete entry P82/10/173.

No. 927

29 April 1983

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—SKRAPPING

In *Staatskoerant* 8666, Goewermentskennisgewing 833 van 22 April 1983, skrap inskrywing P82/10/173.

No. 928

29 April 1983

SUSPENSION IN ACCORDANCE WITH SECTION 15 OF THE PUBLICATIONS ACT, 1974, AS AMENDED, BY THE CHAIRMAN OF THE PUBLICATIONS APPEAL BOARD OF A DECISION OF A COMMITTEE OF PUBLICATIONS

The Chairman of the Publications Appeal Board has suspended the decision of a Committee of Publications that the publication *Vice in Bombay* by Allen V. Ross is not undesirable, until the Appeal Board has determined the appeal of the Directorate.

PROF. J. C. W. VAN ROOYEN, Chairman of Publications Appeal Board.

No. 928

29 April 1983

OPSKORTING KRAGTENS ARTIKEL 15 VAN DIE WET OP PUBLIKASIES, 1974, SOOS GEWYSIG, DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE APPELRAAD OOR PUBLIKASIES VAN 'N BESLISSING VAN 'N KOMITEE VAN PUBLIKASIES

Die Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies het die beslissing van 'n Komitee van Publikasies dat die publikasie *Vice in Bombay* deur Allen V. Ross nie ongewens is nie opgeskort totdat die Appèlraad oor die appèl van die Direktooraat beslis het.

PROF. J. C. W. VAN ROOYEN, Voorsitter van Appèlraad oor Publikasies.

**GENERAL NOTICES****NOTICE 326 OF 1983****DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS****NOTICE IN TERMS OF SECTION 9A OF THE WATER ACT, 1956**

PROHIBITION ON THE FURTHER STORAGE OF PUBLIC WATER IN AND CURTAILMENT OF THE ABSTRACTION OF PUBLIC WATER FOR USE FOR ANY PURPOSE FROM THE CROCODILE RIVER IN THE CROCODILE RIVER (EASTERN TRANSVAAL) GOVERNMENT WATER CONTROL AREA AND A CERTAIN PORTION OF THE ELANDS RIVER AS WELL AS THE HOUTBOSLOOP, NELS AND NGODWANE RIVER

By virtue of the powers vested in me by the Minister of Environment Affairs and Fisheries by General Notice 237 of 31 March 1983 and with a view to the more efficient application of the measures contained in the said notice as amended by General Notice 305 of 22 April 1983, I, Harold Norman Lansdell, in my capacity as Circle Engineer (Eastern Transvaal), hereby amend the Schedule to the said notice by—

(a) the deletion in paragraph 3.1 of the following farms:

Kaapmuiden 212 JU;  
Alkmaar 286 JT;  
Broedershoek 129 JU;

(b) the insertion in paragraph 3.1 of the following farms:

Alkmaar 286 JT (except Portion 67);  
Broedershoek 129 JU (except Portion 26 of Portion B);  
and

(c) the substitution for paragraph 4 of the following paragraph:

“4. Zone 3A.

4.1 *Defined area and prohibition on the abstraction of water.*—No person shall during any week abstract water for irrigation purposes from the Crocodile River on the following properties except on the days of the week and during the hours of each such day indicated against each property:

- |  |   |
|--|---|
| (i) SA Prudential Citrus Estates 131 JU; and Portions 12, 13, 14, 15 and 26 of Kingstonvale 125 JU | Mondays, Tuesday, Wednesday and Thursday between 09h00 (9 a.m.) and 15h00 (3 p.m.).   |
| (ii) Portion 67 of Alkmaar 286 JU; and Portion 26 of Portion B of Broedershoek 129 JU              | Monday and Tuesday between 06h00 (6 a.m.) and 18h00 (6 p.m.).   |
| (iii) Kaapmuiden 212 JU  | From 18h00 (6 p.m.) on each Monday to 06h00 (6 a.m.) on the ensuing Tuesday and from 18h00 (6 p.m.) on each Tuesday to 06h00 (6 a.m.) on the ensuing Wednesday.”. |

H. N. LANSDELL, Circle Engineer (Eastern Transvaal).

**ALGEMENE KENNISGEWINGS****KENNISGEWING 326 VAN 1983****DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE****KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 9A VAN DIE WATERWET, 1956**

VERBOD OP DIE VERDERE OPGARING VAN OPENBARE WATER IN EN INKORTING VAN DIE UITNEEM VIR GEBRUIK VIR ENIGE DOEL VAN OPENBARE WATER UIT DIE KROKODILRIVIER BINNE DIE KROKODILRIVIER (OOS-TRANSVAAL)-STAATSWATERBEHEERGEBIED EN 'N SEKERE GEDEELTE VAN DIE ELANDSRIVIER ASOOK DIE HOUTBOSLOOP-, NELS- EN NGODWANERIVIER

Kragtens die bevoegdheid my verleen deur die Minister van Omgewingsake en Visserye by Algemene Kennisgewing 237 van 31 Maart 1983 en met die oog op die doeltreffender toepassing van die maatreëls vervat in die gemelde kennisgewing soos gewysig by Algemene Kennisgewing 305 van 22 April 1983, wysig ek, Harold Norman Lansdell, in my hoedanigheid van seksie-ingenieur (Oos-Transvaal) hierby die Bylae tot die genoemde kennisgewing deur—

(a) die skrapping in paragraaf 3.1 van die volgende plase:

Kaapmuiden 212 JU;  
Alkmaar 286 JT;  
Broedershoek 129 JU;

(b) die invoeging in paragraaf 3.1 van die volgende plase:

Alkmaar 286 JT (behalwe gedeelte 67);  
Broedershoek 129 JU (behalwe Gedeelte 26 van Gedeelte B); en

(c) die vervanging van paragraaf 4 deur die volgende paragraaf:

“4. Sone 3A.

4.1 *Gebiedsomskrywing en verbod op die uitneem van water.*—Niemand mag gedurende enige week op die volgende eiendomme water vir besproeiingsdoeleindes uit die Krokodilrivier uitneem nie behalwe op die dae van die week en gedurende die ure van elke sodanige dag teenoor elke eiendom aangedui:

- |  |  |
|--|--|
| (i) SA Prudential Citrus Estates 131 JU; en Gedeeltes 12, 13, 14, 15 en 26 van Kingstonvale 125 JU | Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag tussen 09h00 (9 vm.) en 15h00 (3 nm.).   |
| (ii) Gedeelte 67 van Alkmaar 286 JU; en Gedeelte 26 van Gedeelte B van Broedershoek 129 JU         | Maandag en Dinsdag tussen 06h00 (6 vm.) en 18h00 (6 nm.).  |
| (iii) Kaapmuiden 212 JU  | Vanaf 18h00 (6 nm.) op elke Maandag tot 06h00 (6 vm.) op die daaropvolgende Dinsdag en vanaf 18h00 (6 nm.) op elke Dinsdag tot 06h00 (6 vm.) op die daaropvolgende Woensdag.”. |

H. N. LANSDELL, Seksie-ingenieur (Oos-Transvaal).

## NOTICE 327 OF 1983

**DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS**  
**NOTICE IN TERMS OF SECTION 9A OF THE WATER**  
**ACT, 1956**

**PROHIBITION ON THE FURTHER STORAGE OF PUBLIC WATER IN AND CURTAILMENT OF THE ABSTRACTION FOR USE FOR IRRIGATION PURPOSES OF PUBLIC WATER FROM THE UMGENI AND KARKLOOF RIVER**

By virtue of the powers vested in me by section 9A of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), and considering the further deterioration which was occurred in the availability of water in the Umgeni River, I, Sarel Antoine Strydom Hayward, in my capacity as Minister of Environment Affairs and Fisheries, hereby revoke General Notice 216 of 18 March 1983 in respect of the Umgeni River and—

1. I hereby declare that in my opinion a water shortage exists in the Umgeni and Karkloof River;

2. I hereby prohibit the further storage by private individuals of water in the beds of the said rivers;

3. I hereby impose the measures set out in the Schedule hereto which are aimed at a curtailment of approximately 50 per cent in the quantity of public water which may be abstracted for irrigation purposes from the said rivers in accordance with the provisions of section 9 of the said Act, or, as the case may be, on the authority of scheduling in terms of section 63 or 88 of the Act or on the authority of a permit issued in terms of section 62 of the Act, excluding a flood-water permit, or in accordance with any other right to the use of water from the said rivers for irrigation purposes. The abstraction of surplus water in terms of section 10 of the Act or in accordance with a flood-water permit issued in terms of section 62 of the Act is hereby prohibited;

4. I hereby delegate in terms of section 165 of the said Act to the Chief Engineer (Irrigation and Engineering Services), the power to, by notice in the *Gazette*—

(a) amend in his discretion the provisions of the Schedule to this Notice in general or in respect of any particular person in order to accomplish with due regard to local conditions, the required curtailment; or

(b) with due regard to a deterioration or improvement in the availability of water in the said rivers—

(i) extend or relax the envisaged curtailment referred to in paragraph 3 or, as the case may be to lift it indefinitely, in which case this Notice shall be deemed to have been revoked by me; or

(ii) temporarily lift the prohibition referred to in paragraph 2; or

(iii) temporarily take over the operation of any privately owned water work by means of which water to which this Notice applies, is abstracted, impounded, stored, supplied or used for irrigation purposes and to cause the operation of such water work to be undertaken in accordance with his directions by any person directed in writing thereto by him.

S. A. S. HAYWARD, Minister of Environment Affairs and Fisheries.

## SCHEDULE

No person shall during any week abstract water for irrigation purposes from the Umgeni and Karkloof River from 06h00 on each Wednesday to 06h00 on the ensuing Thursday and from 18h00 on each Friday to 06h00 on the ensuing Monday.

## KENNISGEWING 327 VAN 1983

**DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE**  
**KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 9A VAN DIE**  
**WATERWET, 1956**

**VERBOD OP DIE VERDERE OPGARING VAN OPENBARE WATER IN EN INKORTING VAN DIE UITNEEM VIR GEBRUIK VIR BESPROEINGSDOELEINDES VAN OPENBARE WATER UIT DIE UMGENI- EN KARKLOOFRIVIER**

Kragtens die bevoegdhe my verleen by artikel 9A van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), en met inagneming van die verdere verswakking wat ingetree het in die beskikbaarheid van water in die Umgenirivier, herroep ek, Sarel Antoine Strydom Hayward, in my hoedanigheid van Minister van Omgewingsake en Visserye hierby Algemene Kennisgewing 216 van 18 Maart 1983 met betrekking tot die Umgenirivier en—

1. ek verklaar hierby dat 'n waterdood na my oordeel in die Umgeni- en Karkloofrivier bestaan;

2. ek verbied hierby die opgaring deur private persone van water in die beddings van die genoemde riviere;

3. ek stel hierby die maatreëls uiteengesit in die Bylae hiertoe in wat gemik is op 'n inkorting van ongeveer 50 persent van die hoeveelheid openbare water wat vir besproeiingsdoeleindes uit die genoemde riviere geneem mag word ooreenkomstig die bepalings van artikel 9 van die genoemde Wet of, na gelang van die geval, op die gesag van inlysting kragtens artikels 63 of 88 van die Wet of op gesag van 'n permit uitgereik kragtens artikel 62 van die Wet uitgesonder 'n vloedwaterpermit, of ooreenkomstig enige ander reg op die gebruik van water uit die genoemde riviere vir besproeiingsdoeleindes. Die uitneem van surpluswater kragtens artikel 10 van die Wet of in ooreenstemming met 'n vloedwaterpermit uitgereik kragtens artikel 62 van die Wet word hierby verbied;

4. ek delegeer hierby kragtens artikel 165 van genoemde Wet aan die Hoofingeneur (Besproeiing en Ingenieursdienste), die bevoegdheid om by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(a) na sy oordeel die bepalings van die Bylae tot hierdie Kennisgewing in die algemeen of ten opsigte van enige besondere persoon te wysig ten einde met behoorlike inagneming van plaaslike omstanighede die verlangde inkorting te bewerkstellig; of

(b) met behoorlike inagneming van 'n verswakking of verbetering in die beskikbaarheid van water in die genoemde riviere—

(i) die beoogde inperking waarna in paragraaf 3 verwys word uit te brei of te verslap of na gelang van die geval, dit onbepaald op te hef, in welke geval hierdie Kennisgewing geag word deur my herroep te wees; of

(ii) die verbod op die verdere opgaring van water waarna in paragraaf 2 verwys word, tydelik op te hef; of

(iii) tydelik die bedryf oor te neem van enige waterwerk in private besit deur middel waarvan water waarop hierdie Kennisgewing betrekking het, vir besproeiingsdoeleindes onttrek, opgedam, opgegaar, voorsien of gebruik word, en om die bedryf van sodanige waterwerk te laat onderneem in ooreenstemming met sy voorskrifte deur enige persoon wat skriftelik deur hom daartoe gelas word.

S. A. S. HAYWARD, Minister van Omgewingsake en Visserye.

## BYLAE

Niemand mag gedurende enige week water vir besproeiingsdoeleindes uit die Umgeni- en Karkloofrivier onttrek vanaf 06h00 op elke Woensdag tot 06h00 op die daaropvolgende Donderdag en van 18h00 op elke Vrydag tot 06h00 op die daaropvolgende Maandag.

Please, acquaint yourself thoroughly with the "Conditions for Publication" of legal notices in the *Government Gazette*, as well as the new tariffs in connection therewith

Maak uself asseblief deeglik vertrouwd met die "Voorwaardes vir Publikasie" van wetlike kennisgewings in die *Staatskoerant*, asook met die nuwe tariewe wat daarmee in verband staan

Use it.

Don't abuse  it.

**water is for everybody**

Werk mooi daarmee.

Ons leef  daarvan.

**water is kosbaar**

# **IMPORTANT!!**

## **Placing of languages: *Government Gazettes***

1. Notice is hereby given that the interchange of languages in the *Government Gazette* no longer takes place quarterly, but that it will now be done annually, starting on 1 October until 30 September, every year.
2. For the period 1 October 1982 to 30 September 1983, English is to be placed FIRST, changing annually hereafter.
3. This arrangement is to bring the *Government Gazettes* in conformity with Gazettes containing Acts of Parliament etc. where the language sequence remains constant throughout the sitting of Parliament.
4. It is therefore expected of you, the advertiser, to see that your copy is in accordance with the above-mentioned arrangement in order to avoid unnecessary style changes and editing to correspond with the correct style.

—oOo—

# **BELANGRIK!!**

## **Plasing van tale: *Staatskoerante***

1. Hiermee word bekendgemaak dat die omruil van tale in die *Staatskoerant* nie meer kwartaalliks gedoen word nie, maar dat dit jaarliks sal geskied, beginnende vanaf 1 Oktober tot 30 September, elke jaar.
2. Vir die tydperk 1 Oktober 1982 tot 30 September 1983 word Engels EERSTE geplaas.
3. Hierdie reëling word in ooreenstemming gebring met dié van die Parlement waarby koerante met Wette ens. die taalvolgorde deurgaans behou vir die duur van die sitting.
4. Dit word dus van u, as adverteerder, verwag om u kopie met bogenoemde reëling te laat strook om onnodige omskakeling en stylredigering in ooreenstemming te bring.

## THE FLOWERING PLANTS OF AFRICA

This publication is issued as an illustrated serial, much on the same lines as Curtis's Botanical Magazine, and for imitating which no apology need be tendered.

The desire and object of the promoters of the publication will be achieved if it stimulates further interest in the study and cultivation of our indigenous plants.

The illustrations are prepared mainly by the artists at the Botanical Research Institute, but the Editor welcomes contributions of suitable artistic and scientific merit from kindred institutions.

Each part contains 10 plates and costs R5 per part (other countries R5,25 per part). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Cloth binding, R30; morocco binding, R35 (other countries, cloth binding R31; morocco binding R36).

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

## DIE BLOMPLANTE VAN AFRIKA

Hierdie publikasie word uitgegee as 'n geïllustreerde reeks, baie na die aard van Curtis se "Botanical Magazine". Die doel van die werk is om die skoonheid en variasie van vorm van die flora van Afrika aan die leser bekend te stel, om belangstelling in die studie en kweek van die inheemse plante op te wek, en om plantkunde in die algemeen te bevorder.

Die meeste van die illustrasies word deur kunstenaars van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde gemaak, dog die redakteur verwelkom geskikte bydraes van 'n wetenskaplike en kunsstandaard afkomstig van verwante inrigtings.

Onder huidige omstandighede word twee dele van die werk gelyktydig gepubliseer, maar met onreëlmatige tussenpose; elke deel bevat tien kleurplate. Intekengeld bedra R5 per deel (buitelands R5,25 per deel): Vier dele per band. Vanaf band 27 is die prys per band in linne gebind R30; in moroccoleer gebind R35. (Buitelands, linne gebind R31; moroccoleer R36).

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbouinligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

## 'N BESONDERE NUWE WOORDEBOEK !

Is daar iemand wat nog nooit met vergaderings, konferensies, byeenkomste of formele geleenthede te doen gehad het nie?

Ken u die taal van vergaderingprosedure?

Praat 'n mens van die vloer af of uit die gehoor? Word 'n notule goedgekeur of bekragtig?

Beskik u oor die regte woordeskat om 'n vergadering te lei, om 'n mosie of amendement af te handel of te formuleer, om die verskillende stemmetodes toe te pas, om leiding te gee by debatte en besprekings, om 'n notule op te stel, om die orde in 'n vergadering te handhaaf?

**Terminologie van Vergaderingprosedure en Redevoering** sal u selfvertroue gee met die regte woord op die regte plek. Skaf die woordeboek dadelik aan. Die oplaag is beperk.

SAAMGESTEL DEUR: Vaktaalburo, Departement van Nasionale Opvoeding

PRYS: R11,50 (AVB ingesluit)

BESTEL BY: Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

<b>CONTENTS</b>				<b>INHOUD</b>			
No.		Page No.	Gazette No.	No.		Bladsy No.	Staats- koerant No.
<b>PROCLAMATION</b>				<b>PROKLAMASIE</b>			
64	Registration of Newspapers Amendment Act (98/1982): Commencement of section 3 (b)	1	8688	64	Wysigingswet op die Registrasie van Nuusblaaië (98/1982): Inwerkingtreding van artikel 3 (b).....	1	8688
<b>GOVERNMENT AND GENERAL NOTICES</b>				<b>GOEWERMENTS- EN ALGEMENE KENNISGEWINGS</b>			
<b>Environment Affairs, Department of</b>				<b>Binnelandse/Aangeleenthede, Departement van</b>			
<i>General Notices</i>				<i>Goewermentskennisgewings</i>			
326	Water Act (54/1956): Prohibition on the further storage of water .....	3	8688	925	Wet op Publikasies (42/1974): Ongewenste Publikasies of voorwerpe: Lys P83/44 .....	1	8688
327	do.: do.: do.....	4	8688	926	do.: Geskrap .....	2	8688
<b>Internal Affairs, Department of</b>				<b>Omgewingsake, Departement van</b>			
<i>Government Notices</i>				<i>Algemene Kennisgewings</i>			
925	Publications Act (42/1974): Undesirable publications or objects: List P83/44 .....	1	8688	326	Waterwet (54/1956): Verbod op die verdere opgaring van water.....	3	8688
926	do.: Deleted.....	2	8688	327	do.: do.: do.....	4	8688
927	do.: do.....	2	8688				
928	do.: Suspension .....	2	8688				